

Die Trompetter

UITGAWE 2 / 2012

NUUSBLAD OLIFANTRIVIER

BELANGRIKE DATUMS

- 18—20 Mei Ruby River Lodge
- 15—17 Junie Wintersaamtrek
- 10—12 Augustus Loskopdam (AJV)
- 21—23 September Kongres (Mosselbaai)
- 26—28 Oktober Nkwe
- 23—25 November De Voedpadkloof

Stof tot nadenke 2

Ruby River Lodge 4

Ruby Weners 8-9

Oupa se hande 10

Streekkamp by Badplaas 12

Ou Graggat! 14

Winterkamp 16

Gebak 18

Verjaardae 19

Wysheid vir die weg

VIER DIE LEWE

*Leer ons, ons dae so gebruik
dat ons wysheid bekom.*

PSALM 90:12

In Die Hebreeuse teks staan daar letterlik dat ons “moet rekenskap gee” van ons dae. Dis vir my baie interessant dat ons, ons lewe in oënskou moet neem in terme van dae en nie in terme van jare nie. Ons moet ons dae so leef dat ons aan die einde daarvan “wysheid bekom” het. Met die Here God wat die eerste plek in ons lewe kry, verwelkom ons elke dag en leef dit dan met entoesiasme vir Hom. Die gevolg daarvan sal wees dat ons die “wysheid bekom” waarvan die psalmdigter praat.

Omdat ons nie die onvermydelike kan verander nie, moet ons daarby aanpas. Dit doen ons nie ‘n jaar op ‘n slag nie, maar ‘n dag op ‘n slag. In plaas daarvan dat ons in depressie verval omdat ons

lyf ‘n paar pyne en skete by gekry het, bely ons om die lewe te vier eerder as om dit bloot te verdra. Ons het nie ‘n keuse of ons wil oud word of nie, maar ons kan wel kies wat ons reaksie daarop gaan wees. Op baie maniere bepaal ons self hoe ons gaan oud word.



Onse Kaptein aan die woord

Die winter is hier, dit is koud maar ons het dit nodig sodat dit weer lente en somer kan word. So gaan ons as mens en ons organisasie ook deur verskillende seisoene. Die seisoene kom van self en gaan ook van self weer verby, ons kan niks daaraan doen nie maar ons kan die seisoene tot ons voordeel gebruik. Die winter beteken ons kamp minder en vir die organisasie ons finansiële jaarafsluiting en die AJV. Na die AJV kom die lente, kom ons kies die regte bestuurslede wat werklik die organ-

isasie sal laat groei en in die regte rigting sal laat ingaan. Om ‘n onbestrede bestuursverkiesing te hê is nie goed nie, daar moet altyd kompetisie wees. Hierdie jaar het dit baie goed gegaan met die nominasies van bestuurslede, wat baie goed is, is die feit dat daar ook lede is wat nog nie op bestuur was nie wat bereid is om te dien. Nou moet die lede die bestuur kies deur stemming. Kom ons daag in groot getalle op vir die AJV, dit is mos die grootste gebeurtenis van die jaar vir enige organisasie. Ons het ook die jaar ‘n nuwe toekenning by die AJV naamlik die Olifantgesin van die jaar. (Die Olifant van die jaar bestaan ook nog). Maart se kamp by Badplaas was ook die gebiedskamp.

Suid – Oos was die kampkommandante en het hulle baie goed van hul taak gekwynt en nuwe standaarde gestel vir volgende jaar. April het ons nie gekamp nie dit was net die Presidente. Die Olifante het nie ‘n goeie bywoning by die Presidente gehad nie en ons het ‘n donasie gegee. Kom ons probeer dit volgende jaar verbeter. Mei was die potjiekos naweek te Ruby River lodge, Vossie en Pierre het weer die nodige verwarring gesaai met die kantpot en almal aan die raai gehou tot die potjie begin het. Dit was ‘n heerlike kuier naweek met ‘n baie goeie bywoning. (Sien die foto’s elders in die uitgawe). Junie se wintersaamtrek was ook deur agt Olifantgesinne bygewoon en een gas. Dit was ‘n koue maar lekker naweek,

.... En so gesels onse Kaptein voort



Dit was 'n koue maar lekker naweek, (daar is tot geswem). Jannie en Alet Meyer het 'n lekker naweek gereël, rugby op die groot

skerm en 'n lekker saam braai met 'n groot vuur.

Kom ons leef SAWA se leuse vir die jaar **“Trots op SAWA”** uit en ons maak dit voorwaar die leuse van elkeen van ons. Ek en Helen wil graag voor die AJV elkeen bedank wat die jaar hard gewerk het en die bydraes van elkeen word waardeer. Baie dankie ook vir julle getroue ondersteuning, gebede en bystand wat ons die jaar ontvang het. Dit was vir ons 'n voorreg en baie lekker om julle voositterspaar te wees.

Ons lewe in moeilike tye, die ekonomie druk (hoë brandstof pryse, tolhekke, kampgelde en lewenskostes) en dit het ook

van ons lede benadeel. Van die Olifante was siek en ander is nog op die herstelpad en van hulle was selfs in ongelukke betrokke. Dankie vir julle gebede wat hierdie mense deurgedra het en die nodige krag gegee het. Deur die genade van die Here gaan dit goed in ons streek. Ons het ook vier nuwe lede bygekry, baie welkom by die Olifante en ons hoop om julle gereeld by die kampe te sien.

Olifant groete
Jan & Helen

“Henry Ford was passievol oor motors. Thomas Edison was passievol oor lig. Die Wright-broers was passievol oor vlieg. Paulus was passievol oor evangelisasie”

Kry iets waaroor jy passievol is, iets wat jou opkikker, iets waarom jy jou lewe kan bou. Jesus het en Hy het die wêreld verower.

Stof tot nadenke ...

Jy sal nooit werklike sukses met enigiets behaal as jy nie passievol daarvoor is nie. Die Psalmdigter het geskryf: 'My hart is gerus...' (Psalm 57:7 OV-1953). Die woord 'gerus' dui op 'n ingesteldheid wat so sterk soos klip is. Henry Ford was passievol oor motors. Thomas Edison was passievol oor lig. Die Wright-broers was passievol oor vlieg. Paulus was passievol oor evangelisasie. Jy sal slegs in die lewe onthou word vir dit waarvoor jy passievol was. Terwyl Jesus voor Pilatus gestaan het, wat Hom sou vonnis, het Hy gesê: '...Hiervoor is Ek gebore, en hiervoor het Ek na die wêreld toe gekom ...' (Joh 18:37 NV). 'n Doringkroon van twintig sentimeter sou op Sy kop vasgedruk word. 'n Spies sou Sy sy deurboor. Spykers sou in Sy hande ingeslaan word. Nege-en-dertig houesou Sy rug oopkloof. Waaroor Hy die passievolste was, sou slegs deur pyn bereik kon word. Dieselfde sal in jou lewe gebeur. Jy mag onbeduidend voel. Jy mag dalk klein begin. Maar sodra dit waarvoor jy lief is, jou verstand en gedagtes begin oorheers, jou gesprekke en al jou tyd - dan is jy oppad na sukses. Is jy skrikkerig om werk toe te gaan? Loer jy heeltyd na die horlosie? Begin jou gedagtes dwaal na ander plekke en dinge wat jy eerder sou wou doen? Dan gaan jy nie sukses behaal nie. Kry iets waaroor jy passievol is, iets wat jou opkikker, iets waarom jy jou lewe kan

Potjiekos naweek by Ruby River Lodge

Vir die wat nie by die Presidente was nie, is dit 'n lang tyd vanaf die vorige kamp in Maart tot die middel Mei. Dit het interessant begin met die program. Vossie en Pierre is nie 'n goeie kombinasie met die reël van potjiekos nie. (Dit is al deur die jare so bewys, elke keer is daar 'n kinkel in die pot). Vrydag aand het almal so op hulle tyd daar aangekom behalwe vir Janneman wat reeds vanaf Donderdag gekamp het. Na boekevat is daar gebraai en gekuier. (Natuurlik om op te maak vir die lanklaas kamp.) Die vuur het hoog gebrand om die koue weg te hou.

Saterdag oggend na boekevat en registrasie het die moeilikheid begin met die uitdeel van hoendernekkies, -pensies en -hartjies. (Nou wat se pot bou jy met **die** bestandele, dit is so min en almal eet dit nie eers nie.) Later het ons darem regte hoender gekry om die pot mee te maak. Daar was agt potte gebou en julle sal nie glo nie almal lyk en smaak anders. Die beoordelaars het voorwaar 'n moeilike taak gehad, die potte en tafels is beoordeel en daar was sowaar drie plekke vir die pot en drie plekke vir die tafel, en sowaar 'n boliebeker ook. Daar is baie pryse uitgedeel, hulle noem dit troos pryse. Niemand het eers gehuil nie, en dit was ook nie kinders wat dit ontvang het nie. So kom 'n baie geslaagde dag tot 'n einde.

Sondag oggend lewer Vossie vir ons 'n boodskap waarna die afsluiting plaasvind. Die toekennings vind plaas en daarna is dit koek en tee (of koffie). 'n Naweek vlieg so vining verby as jy kamp. Maar baie dankie aan die kampkommandante (Die Vosloo's en Wilsenach's) en almal wat bygedra het om die naweek 'n sukses te maak. Dit was 'n heerlike kuier en ontspanne naweek. Ons groep het gegroei met die aansluiting van 'n nuwe lid.

Groete
Jan



Ruby River Lodge





Sjoe die potte is almal ewe lekker!



MY POT GAAN WEN!



Kamp is tog te lekker!



Die OLIFANTE—EEN GROOT FAMILIE



Ons Oudste Oom Karel

